



## INHOUD

A. TOEKENNINGSKATEGORIE: NASKOOLSE PROGRAM .....	1
B. TOEKENNINGSKATEGORIE: ARGIEF .....	2
C. TOEKENNINGSKATEGORIE: KUNS, KULTUUR EN LETTERKUNDE .....	4
D. TOEKENNINGSKATEGORIE: TAAL .....	9
E. BIBLIOTEKE.....	9
F. TOEKENNINGSKATEGORIE: MUSEUMS, ERFENIS EN GEOGRAFIESE NAME .....	11

### **A. TOEKENNINGSKATEGORIE: NASKOOLSE PROGRAM**

#### **1. Toekenning vir Beste Kuns- en Kultuurprogram**

Hierdie toekenning is vir NRO's wat uitstekende Naskoolse Kuns- en Kultuurprogramme aanbied.

Die Departement erken die belangrikheid van Naskoolse Programme om veilige ruimtes vir leerders te skep, toegang te bied aan volwassenes wat omgee en geleenthede te skep om hul passie te vind en uit te leef.

#### **Kriteria**

- Kuns en Kultuur Naskoolse Program wat in die Wes-Kaap aangebied word aan leerders in omgewings met gebrekkige hulpbronne.
- Duidelike Teorie van Verandering/Programontwerp.
- Gehalteprogramme werk oor tyd met dieselfde leerders – gereelde en bestendige leerderdeelname met unieke identifisering.
- Gehalteprogramme – voorsiening van 'n gestruktureerde program.
- Gehaltepersoneel – bewys van personeelopleiding en ondersteuning.
- Monitering en evaluering (M&E) – bewyse van M&E-data en verslae.

#### **2. Uitnemende Afrigting van Naskoolse Kuns en Kultuur**

Gehalte naskoolse programme vereis gehaltepersoneel. Die Departement wil graag die mense wat die naskoolse programme bestuur uitwys en erken. Hierdie kategorie is vir 'n uitstekende praktisyn/afrigter wat met leerders werk in naskoolse programme by skole, sentrums en NRO's regoor die provinsie.

## **Kriteria**

- Organisasoriese onderskrywing van die nominasie.
- Bewys van die behoud van leerders – behou 'n kohort van leerders met gereelde en deurlopende bywoning, met rekords.
- Voorbeeld van die daaglikse program.
- Die uitbou van bemeestering, soos
  - deelname aan vertonings en/of
  - Eisteddfods en/of
  - gedokumenteerde toekennings.
- Ondersteuning van belanghebbendes – siening van skoolhoof, bestuurder, ouers, leerders en enige vennootskappe wat met eksterne belanghebbendes/organisasies saamgevat is.
- Persoonlike motivering en breër doelwitte van afrigter – toon verbintenis daartoe om aandag te gee aan armoede en die uitdagings wat die Wes-Kaapse jeug in die gesig staar.

## **B. TOEKENNINGSKATEGORIE: ARGIEF**

### **1. Beste Navorsers wat Bydra tot Argieferfenis**

Hierdie toekenning gee erkenning aan 'n individuele navorsers of organisasie wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot navorsing deur argiefrekords te gebruik om kennis en begrip van die erfenisvoetspoor in die Wes-Kaap te verbeter.

#### **Kriteria**

- Getal jare betrokke by die gebruik van argieferfenis.
- Verduideliking van die bydrae tot argieferfenis, byvoorbeeld navorsing, skryfwerk/publikasies/meesters- en doktorsale proefskrifte oor die gebruik van argiefbronne, skenkings van argiefmateriaal, werksinkels en/of aanbiedings, die bevordering van argiewe deur middel van argiefprojekte van produksies.
- Dokumentêre bewys van argiefbydrae as stawende dokumentasie.

### **2. Bydrae tot Behoorlike Rekordbestuur**

Hierdie toekenning gee erkenning aan instellings wat hulpbronne en kundigheid toewy aan die implementering van behoorlike rekordbestuursbeginsels.

#### **Kriteria**

- Institusionele rekords van lewensbelangrike geskiedkundige, fiskale en regswarede word geïdentifiseer en bewaar.
- Wegdoening van nie-noodsaaklike rekords geskied op 'n sistematiese wyse volgens gevestigde riglyne en geïdentifiseerde wetgewing [Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet 43 van 1996) en/of die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005)].
- Goedgekeurde rekordbestuursbeleid en registerprosedurehandleiding.
- Goedgekeurde klassifikasiesistels en rekordbeheerskedule.

### **3. Beste Outomatiseringsinstrument Geïmplementeer om Rekordbestuursprosesse te stroomlyn**

Die toekenning erken die gebruik van Kunsmatige Intelligensie of robotiese proses-outomatisering om herhalende take, soos data-invoering en lêerorganisasie, te outomatiseer.

#### **Kriteria**

- Pas rekenaartegnologie toe om die volledige bestuur van rekords van skepping tot instandhouding tot wegdoening moontlik te maak.
- Bestuur van fisiese en elektroniese rekords vanaf 'n enkele gesentraliseerde platform.
- Outomatisering van take soos identifisering, klassifikasie, bewaring en wegdoening van rekords, goedkeuring van beleidsdokumente/raamwerke/riglyne deur werkvloei en handhawing van eenvormigheid en akkuraatheid in rekordbestuursfunksies en -prosesse om menslike foute uit te skakel.

### **4. Beste Skool-/Gemeenskaps-/Kerkargief**

Beste versameling of poging van 'n groep mense wat organisatoriese maatreëls instel om hul geskiedenis te bewaar en te deel, insluitend bewaarplek vir die amptelike rekords en historiese materiaal wat die erfenis van die kerk dokumenteer en waardevolle dokumente wat met die geskiedenis van die skool verband hou.

#### **Kriteria**

- Hanteer historiese rekords met sorg en verseker dat behoorlike argiefmetodes gebruik word.
- Die handhawing van behoorlike beheer van omgewingsfaktore wat 'n uitwerking kan hê op argiefrekords.
- Implementering van 'n digitaliseringsprojek om geskiedenis vir toekomstige geslagte te bewaar.
- Geskrewe proses, aktiewe personeel en aangewese fasiliteit om toegang te bied tot rekords wat navorsings- of argiefwaarde bevat.

### **5. Beste Innoverende Professionele Persoon/Individu in Argief- en Rekordbestuurspraktyke**

Die toekenning gee erkenning aan individue wie se inisiatiewe bydra tot innovering op die gebied van argief- en rekordbestuur.

#### **Kriteria**

- Voer klein projekte uit om kennis en innovering in argief- en rekordbestuurspraktyke te ontwikkel.
- Identifiseer nuwe probleme in argief- en rekordbestuurspraktyke en verskaf oplossings vir sulke probleme.
- Daag bestaande argief- en rekordbestuurspraktyke uit met produkte of dienste wat beter presteer en argief- en rekordbestuurspraktyke herskep.

- Doen navorsing en verskaf bewysgebaseerde aanbevelings vir die toekoms volgens navorsingsresultate.

## **C. TOEKENNINGSKATEGORIE: KUNS, KULTUUR EN LETTERKUNDE**

### **ALGEMENE RIGLYNE**

Die beoordelingspaneel sal die volgende riglyne in ag neem wanneer nominasies vir kuns- en kultuurtoekennings oorweeg word:

- Impak op die gemeenskap – die mate waartoe die genomineerde kandidaat meetbare, tasbare resultate gelewer het wat maatskaplike insluiting, groter bewustheid en 'n integrasie van die kunste en aktiwiteite demonstreer.
- Innovering – die mate waartoe die genomineerde kandidaat innoverend en kreatief was in sy/haar benadering tot die geïdentifiseerde kuns- en kultuurdissipline/praktyk of bewaring tydens die Covid-19-pandemie.
- Identifisering van talent – die mate waartoe die genomineerde kandidaat talent op die gebied van kuns en kultuur identifiseer.
- Teiken van fokusareas met hoë prioriteit – die mate waartoe die genomineerde kandidaat aandag gee aan kwessies soos:
  - werkskepping
  - jeugdige onder maatskaplike druk
  - vaardigheidsoordrag
  - opleiding of
  - gehoorontwikkeling in 'n dissipline.
- Jeugontwikkeling – die mate waartoe die genomineerde kandidaat met jong kunstenaars/praktisyns of jong gehore werk om 'n opvoedkundige en ontwikkelingsuitkoms te bewerkstellig.
- Tegniese en skeppende aspekte – die mate waartoe die genomineerde kandidaat aandag gee aan die tegniese sowel as die skeppende aspekte van 'n genre.
- Vermoë om positief te reageer na afloop van die Covid-19-pandemie.

### **KATEGORIEË**

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies in die Wes-Kaap wat 'n belangrike bedrae in die volgende kategorieë lewer:

#### **1. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Literêre Kuns**

##### **Kriteria**

- Die bydrae kan gelewer word in die velde van ontwikkeling en publikasie van individuele literêre werke.
- Die gebruik van literêre werke in gemeenskapsontwikkeling, die bevordering van plaaslike literêre kunstenaars en produksies.
- Moet oorspronklike werke wees.

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek as sulks gelok het.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Voorsiening van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleenthede.
- Vermoë om die uitkoms/impak van die projek, vertoning of geleentheid te demonstreer.

## **2. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Dans**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek of vertoning as sulks gelok het.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Voorsiening van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleenthede.
- Vermoë om die uitkoms/impak van die projek, vertoning of geleentheid te demonstreer.
- Vermoë om sy/haar innovering in die skeppende, maatskaplike en ekonomiese velde te demonstreer.

## **3. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Drama**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek of vertoning as sulks gelok het.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Voorsiening van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleenthede.
- Vermoë om die uitkoms/impak van die projek, vertoning of geleentheid te demonstreer.
- Vermoë om sy/haar innovering in die skeppende, maatskaplike en ekonomiese velde te demonstreer.

## **4. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Musiek**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek of vertoning as sulks gelok het.

- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Voorsiening van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleenthede.
- Vermoë om die uitkoms/impak van die projek, vertoning of geleentheid te demonstreer.
- Vermoë om sy/haar innovering in die skeppende, maatskaplike en ekonomiese velde te demonstreer.
- Moet oorspronklike musiekwerke wees.

**5. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Beeldende Kuns** (insluitend openbare kuns, ontwerp en skeppende ruimtes, mode, grafiese en landskapontwerp).

**Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Die omvang van die nasionale/internasionale erkenning en bevordering van die beeldende kuns of beeldende kunsprojekte.
- Die vermoë van die beeldende kuns of beeldende kunsprojek om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van plaaslike inhoud en kultuurverhale.
- Element van vaardigheidsoordrag.
- 'n Sprekende voorbeeld van die krag van openbare kuns om verbintnisse tussen mense, plek en kultuur te versterk.
- Sluit 'n openbare betrokkenheid-komponent in en die kunswerk – hetsy permanent of tydelik – is toeganklik vir die publiek.
- Fasiliteer gemeenskapsbou en kulturele ontwikkeling.

**6. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Film, Oudio-visuele, Interaktiewe media en Fotografie**

**Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op die dissipline en gemeenskappe gehad het.
- Die omvang van die nasionale/internasionale erkenning en bevordering van die film- of fotografieprojekte.
- Bygedra tot die kapasiteit van hierdie veld en die ontwikkeling van plaaslike inhoud en kultuur- of inheemse verhale.
- Element van vaardigheidsoordrag.
- Is 'n sprekende voorbeeld van die krag van film en video om verbintnisse tussen mense, plek en kultuur te versterk.

- Sluit 'n openbare betrokkenheid-komponent in – hoe die publiek by die projek betrokke geraak het.

## **7. Mees Innoverende Bydrae van 'n Kunstenaar/Organisasie op die Gebied van Kunsvlyt**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek of vertoning as sulks gelok het.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunsvorm of projek op gemeenskappe gehad het.
- Voorsiening van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleenthede.
- Vermoë om die uitkoms/impak van die projek, vertoning of geleentheid te demonstreer.
- Vermoë om sy/haar innovering in die skeppende, maatskaplike en ekonomiese velde te demonstreer.
- Moet oorspronklike kunsvlytwerke wees.

## **8. 'n Innoverende Inisiatief om Mense met Gestremdhede te Ondersteun**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Hulpbronne is ontwikkel wat mense met gestremdhede gehelp het om aan die kunste deel te neem.
- Innoverende aktiwiteite wat gestremde persone die geleentheid bied om produkte/vertonings/geleenthede/projekte in die kunste te lewer.
- Programme wat gestremde persone die geleentheid gegee het om hulself deur die kunste uit te druk.

## **9. Mees Innoverende Bydrae van Persone wat met Gestremdhede leef op die Gebied van Kuns, Kultuur, Taal, Biblioteke, Museums, Argiewe of Erfenis**

### **Kriteria**

- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tye na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Soort innovering wat belangstelling buite die omvang van die projek of vertoning as sulks gelok het.
- Bygedra tot die kapasiteit van die kunstenaars in hierdie veld en die ontwikkeling van plaaslike inhoud en kultuur- of inheemse verhale.
- Die klem val op die positiewe impak wat die kunstenaar gehad het op kunsvorme of projekte in die gemeenskappe waarin hy/sy opgetree het.

- Bygedra tot die verskaffing van werkskepping-, leer- of ekonomiese geleentheid vir ander kunstenaars wat met gestremde leef.
- Oorspronklike werke geskep.

## 10. Mees Innoverende Jong Kunstenaar-toekenning

### Kriteria

- Nominasies word ingewag vir jong kunstenaar van die jaar in die ouderdomskategorie 35 jaar en jonger.
- Die genomineerde kandidaat is jong kunstenaars wat in die betrokke veld uitblink het.
- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tyd na afloop van die Covid-19-pandemie.
- Het 'n mate van provinsiale, nasionale of internasionale erkenning ontvang.
- Rolmodelle vir ander jong kunstenaars in hul veld en wie se werk 'n maatskaplike impak in hul gemeenskappe gemaak het.

## 11. Mees Innoverende Bydrae van 'n Legende tot die Kunstgemeenskap

### Kriteria

- Nominasies word ingewag vir kunslegendes in die ouderdomskategorie 60 jaar en ouer.
- Die genomineerde kandidaat is legendariese kunstenaars wat projekte, programme, vertonings, geleentheid en publikasies in die betrokke veld aangebied het.
- Bygedra tot die kapasiteit van kunstenaars in hierdie veld, plaaslike inhoudontwikkeling en kultuur- of inheemse verhale.
- Demonstreer innovering/nuwe werkswyse/iets wat uniek is tydens die uitdagende tyd na afloop van die Covid-19-pandemie ten opsigte van projekte, geleentheid, publikasies of vertonings.
- Het 'n mate van provinsiale, nasionale of internasionale erkenning ontvang.
- Rolmodelle vir ander jong kunstenaars in hul veld en wie se werk 'n maatskaplike impak in hul gemeenskappe gemaak het.

## 12. Mees Innoverende Gemeenskapskunste fees

### Kriteria

- Nominasies word ingewag van kunstefeesorganiseerders wat kunstefeeste aangebied het wat plaaslike kunstenaars na afloop van die Covid-19-pandemie bevorder en gekontrakteer het.
- Het nuwe gehore geskep en het uiteenlopende gemeenskapsbetrokkenheid.
- Maatskaplike inklusiwiteit in verskeie dele van gemeenskappe bevorder.
- Verskeie kunsvorms is bevorder en bewaar.



- Ekonomiese geleentheid is gestimuleer.
- Het aanleiding gegee tot die vervaardiging van produkte vir die kunstemark.
- Ekonomiese geleentheid geskep vir kunstenaars en diensverskaffers in die skeppendebedryf-waardekanaal.

## **D. TOEKENNINGSKATEGORIE: TAAL**

### **1. Neville Alexander-toekenning vir 'n Uitstaande Bydrae tot die Bevordering van Veeltaligheid**

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n belangrike bydrae gelewer het om kommunikasie tussen die verskillende amptelike taalgemeenskappe in die Wes-Kaap, dit wil sê Afrikaans, Engels en isiXhosa, te verbeter.

### **2. 'n Projek wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal of die Gemarginaliseerde Inheemse Tale van die Wes-Kaap Bevorder**

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling of bewusmaking van gemarginaliseerde inheemse tale (bo en behalwe die amptelike tale), insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

### **3. Betekenisvolle Bydrae tot Taalontwikkeling**

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van een van die amptelike tale van die Wes-Kaap. Moontlike voorbeelde van projekte en aktiwiteite sluit terminologie-ontwikkeling, woordeboekontwikkeling, taalstandaardisering en navorsing in.

## **E. BIBLIOTEKE**

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die vestiging van 'n kultuur van toegang tot inligting, lees en lewenslange leer:

### **1. Biblioteekvrywilliger van die Jaar**

Nominasies word ingewag vir mense in die Openbare Biblioteek-sektor wat onbaatsugtig hul tyd, kundigheid en bystand bygedra het en sodoende biblioteekdienslewering in die Wes-Kaap verbeter het.

#### **Kriteria**

- Omvang van take uitgevoer (herstelwerk, rakke pak, programondersteuning ens.)
- Getal ure vrywilligerwerk per maand verrig.
- Getal jare as vrywilliger gedien.

- Beskrywing van die impak van die vrywilliger se bydrae (bv. verlengde biblioteekure, verbeterde toegangs- en gebruikseleenthede).
- Stawende dokumentasie soos foto's, verklarings/getuigskrifte deur hoofbibliotekaris, kollegas of biblioteekgebruikers.

## 2. Vriende van die Openbare Biblioteek

Nominasies word ingewag vir organisasies wat in die Openbare Biblioteek-dienssektor werksaam is en wat onbaatsugtig hul tyd, kundigheid, mannekrag en professionele bystand bygedra en sodoende aanleiding gegee het tot verbeterde Openbare Biblioteek-dienslewering.

### Kriteria

- Omvang van en getal programme en projekte gefasiliteer/ondersteun deur die Vriende van die Openbare Biblioteek (uitreikingsaksies, befondsing, inligtingskommunikasie, lees, toegang tot inligting, spelkompetisie).
- Beskrywing van die impak van die bydrae (bv. verlengde biblioteekure, verhoogde gebruik en innoverende oplossings voorgestel ens.)
- Beskrywing van die maatskaplike impak en uitkomste van die bydrae (bv. verlengde biblioteekure, verhoogde biblioteekgebruik, wyer omvang van toegang tot inligting en verbeterde estetika).
- Stawende dokumentasie wat impak en aktiwiteite aandui.

## 3. Belangrike Bydrae tot die Ontwikkeling en Bevordering van Lees en Geletterdheid

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n belangrike bydrae gelewer het op die gebied van lees en bemagtiging deur geletterdheid.

### Kriteria

- Omvang en getal programme en projekte gefasiliteer/ondersteun.
- Beskrywing van die impak en uitkomste van jou bydrae.
- Stawende dokumentasie wat impak en aktiwiteite aandui.

## 4. Betekenisvolle Bydrae tot die Ontwikkeling en Bevordering van Digitale Geletterdheid

Nominasies word ingewag vir mense of organisasies wat 'n wesenlike bydrae op die gebied van digitale geletterdheid gelewer het. Digitale geletterdheid is die vermoë om die digitale wêreld te navigeer deur tegnologie soos 'n slimfoon, rekenaar, e-leser en meer te gebruik, om inligting te vind, te evalueer en oor te dra.

### Kriteria

- Omvang en getal programme en projekte gefasiliteer/ondersteun.
- Beskrywing van die impak en uitkomste van jou bydrae.

- Stawende dokumentasie wat impak en aktiwiteite aandui.

## 5. Bydrae tot die Bevordering van Boeke in Inheemse Tale

Nominasies word ingewag vir skrywers of organisasies wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van boeke in inheemse tale en die bevordering van die voortgesette gebruik van hierdie tale.

### Kriteria

- Publisering van inheemse tale (bv. getal titels, eerste titels gepubliseer).
- Bemagtiging van plaaslike talent (bv. literêre skeppende skryfwerkwinkels).
- Teikenlesers van gepubliseerde materiaal (voorskool, laerskool, studiemateriaal ens.),
- Soort materiaal geproduseer (studiegidse, vertalings, oorspronklike werke ens.).
- Stawende dokumentasie soos brosjures, getuigskrifte, koerantuitknipsels, strooibiljette en foto's.

## 6. Jong Skrywer van die Jaar-toekenning

Nominasies word ingewag vir uitstaande fiksie, niefiksie of poësie wat deur jong skrywers gepubliseer is. Evaluering gaan styl en taal, kreatiwiteit, oorspronklikheid en impak van die werk in ag neem.

### Kriteria

- 'n Gepubliseerde skrywer onder die ouderdom van 25.
- Gepubliseerde en selfgepubliseerde werke kan ingeskryf word.

## **F. TOEKENNINGSKATEGORIE: MUSEUMS, ERFENIS EN GEOGRAFIESE NAME**

### 1. Bydrae tot Navorsing, Bewusmaking en Openbare Voorspraak oor die Standaardisering en Naamsveranderinge van Geografiese Kenmerke

#### Kriteria

- Bydrae tot navorsing oor geografiese name.
- Bewyse van omvattende navorsing as deel van die geografiese naamveranderingsproses.
- Kort beskrywing van die positiewe bydrae en maatskaplike impak moet verskaf word.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.

- Bewusmaking van verwaarloosde geskiedenis of tale deur die voorspraak van geografiese name.
- Bewys van inklusiewe openbare konsultasie as deel van die geografiese naamveranderingsproses.

## **2. Bydrae tot die Bevordering van Maatskaplike Insluiting op die Gebied van Museums, Erfenis en Geografiese Name**

### **Kriteria**

- Demonstreer die betrokkenheid en interaksie van gemeenskappe wat histories nie by die aktiwiteite van die museum, erfenis en geografiese name ingesluit is nie.
- Uitstallings, versamelings of openbare programme weerspieël die verskeidenheid van plaaslike gemeenskappe.
- Laat verskillende geslagte en kulture toe om mekaar te ontmoet en ervarings te deel.
- Modelleer beste praktyke vir ander museums, erfenisterreine en geografiese name wat volhoubare gemeenskapsdeelname betref.
- Kort beskrywing van die positiewe bydrae en maatskaplike impak moet verskaf word.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.

## **Beste Innoverende Projek op die Gebied van Museums, Erfenis en Geografiese Name**

### **Kriteria**

- Bevordering van toegang en integrasie van museums, erfenisterreine en geografiese name in die gemeenskap, veral mense met gestremdhede of diegene wat voorheen uitgesluit is van sulke aktiwiteite.
- Betrokke in wesenlike gemeenskapsdeelname of vennootskappe en bevorder diversiteit in gehore.
- Modelleer beste praktyke aan ander museum- en erfenisinstellings wat betref opvoedkundige of openbare programme.
- Kort beskrywing van die positiewe bydrae en maatskaplike impak moet verskaf word.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.

## **3. Aktiewe Vrywilliger van die Jaar in die Museums, Erfenis en Geografiese Name-sektor**

### **Kriteria**

- Uitstaande bydrae tot 'n museumprojek, erfenishulpbronbestuur of geografiese name-proses.
- Lewer bewys van onbaatsugtige opoffering van tyd en energie aan museums, erfenis en geografiese name-projekte of -programme.
- Kort beskrywing van die positiewe bydrae en maatskaplike impak moet verskaf word.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.

#### **4. Bydrae van 'n Bewaringsliggaam, Erfenisorganisasie of Museum tot die Bevordering van Plaaslike Geskiedenis, Erfenis of Herbenaming van Geografiese Kenmerke**

##### **Kriteria**

- Die omvang van en getal programme of projekte wat gedurende die afgelope twaalf maande ontwikkel of ondersteun is ter bevordering van erfenisbewaring in die Wes-Kaap.
- Kort beskrywing van die positiewe behoud en maatskaplike uitkomst van die bewaringsliggaam of organisasie se bydrae ter bevordering van erfenisbeskerming en bewaring in die Wes-Kaap.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.

#### **5. Beste Bydrae tot die Beskerming en Bewaring van 'n Nasionale, Provinsiale of Plaaslike, Beskernde Erfenisterrein**

##### **Kriteria**

- Die geïdentifiseerde aktiwiteit of projek moes binne die afgelope twaalf maande plaasgevind het.
- Die aktiwiteit of projek moet die positiewe impak van die werk op die beskerming en bewaring van die erfenishulpbron duidelik demonstreer.
- Besonderhede moet verskaf word ten opsigte van die perseel, naamlik perseelnaam, koördinate, liggingsfoto's, terreinstatus (d.w.s. nasionale erfenisterrein, provinsiale erfenisterrein of terrein van plaaslike betekenis)
- Besonderhede moet verskaf word waarin die aard van die bydrae uiteengesit word en hoe sodanige werk 'n impak het op die beskerming en bewaring van die erfenisterrein.
- Kort beskrywing van die positiewe bewaringsuitkomst, veral waar dit 'n impak het op die uitgebreide bevordering van erfenisbewaring in die Wes-Kaap.
- Stawende dokumentasie soos verslae, getuigskrifte, brosjures, koerantuitknipsels, strooibiljette, foto's ens. moet ingesluit word.